**Sondag 19 Februarie**
**Skrifgedeelte: Levitikus 16**
**Fokusgedeelte: Levitikus 16:29-34**
**Christus neem ons almal se sonde op Hom**

Skuldgevoel en skaamte is eie aan ons menswees. Natuurlik is daar dinge waaroor ons onnodig skaam voel en daar is dinge waaroor ons onnodig skuldig voel en ons moet daarteen stry. Die wêreldse manier om egter alle skuldgevoelens en skaamte te rasionaliseer of dood te probeer leef, of stil te maak met die goeie dinge wat ek doen, werk nie.

In daardie stil oomblikke van die nag of dag is die stem duidelik: "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie ..." (Rom. 3). Ek voel met reg skaam en skuldig en ek is van nature, afgesny van die Bron van ewige lewe af. God maak hierdie waarheid baie duidelik in sy Woord.

Dis egter nie waar sy openbaring stop nie! Soos ons gister gesien het met die hoofstuk uit Eksodus en vandag weer met hierdie hoofstuk in Levitikus, maak die almagtige, heilige God in sy groot genade 'n plan.

Die groot versoendag is gevul met handelinge wat bedoel is om vir Israel en vir ons te wys dat ons nie soos ons is naby God kan kom nie. Net een spesifieke man, die hoëpriester, kan een keer 'n jaar, met baie groot moeite in die Allerheiligste ingaan om daar versoening te doen vir sy eie en Israel se sonde. Dit moet vir ons baie sê van hoe groot ons skuld en smet voor God is, hoe heilig God is en hoe hy sonde haat!

Terselfdertyd moet ons ook sien dat hierdie 'n plan is wat nie van ons afhang nie, maar van die Een wat dit gemaak het. Ons weet ons Here Jesus kom uiteindelik as die ware Hoëpriester om die finale offer te bring. Hy word dié sondebok, wat ons almal se sonde op Homself neem. Die groot, finale dag van versoening was die Vrydag met sy kruisiging, en met sy opstanding wat ons elke Sondag vier, kry ons die versekering dat God hierdie offer aanvaar het as 'n finale en ewige versoeningsoffer tussen Homself en elkeen wat glo!

Ons moet hierdie hoofstuk dus lees in hierdie lig en toelaat dat die Heilige Gees dit gebruik om ons met groot erns te laat stry teen ons sonde, en met groot dankbaarheid te laat juig oor die voorreg om al strydend, maar sonder enige voorbehoud, vrye toegang te hê tot hierdie groot en almagtige God. Dis die finale antwoord op ons skuldgevoel en skaamte!

*Sing: Skrifberyming 5-4 / 10:1-6*
*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*